



Die Winsbees
The Profit Breed

Die Drakensberger het al diep spore getrap

Vasco da Gama, die tweede Westerling wat sy voete in Suid-Afrika aan wal gesit het, verwys in sy geskrifte na die swart bees wat hy vir drie armbande by die Koistam verruil het. Hy beskryf dié swart os soos volg: "We find him very fat and his meat as toothsome as the beef in Portugal." Selfs Jan van Riebeeck het die swart beeste wat hy in Afrika aangetref het, gebruik om die eerste kudde te begin.

So gesels Johannes Retief van Hanover oor die Drakensberger-ras waarmee hy boer. Hy sê beesteling in Suid-Afrika het eintlik begin toe Jan van Riebeeck se opvolger, Willem Adriaan van der Stel, agt Groningen-bulle vanaf Nederland ingevoer het om die algemene voorkoms, melkproduksie, trekvermoë en karkasgehalte van dié swart beeste te verbeter.

Johannes vertel dat daar tydens die Groot Trek volgens dokumentêre bewyse baie swart trekos-spanne was, wat as Vaderlanders bekendgestaan het. Die Voortrekkerleier Piet Uys se span het glo hoofsaaklik uit hierdie swart beeste bestaan en sy seun, wat hom tussen Volksrust en Wakkerstroom gevestig het, het met bekwame inteling en seleksie 'n uitstekende beesras begin teel wat later as die Uys-beeste



Johannes Retief is een van die vooraanstaande Drakensberger-telers.

Hierdie groep koeie is nie kieskeurig oor hul weiding nie. Een van die Drakensberger se eienskappe is dat die diere in enige veld, van die bossieveld in die Karoo tot die nat Boland, gedy.



bekendgestaan het.

Die ras het eers op 7 November 1947 die naam "Drakensbergers" gekry omdat die meeste van hulle rondom die Drakensberge gevind is.

Waarom Drakensbergers?

Johannes is eintlik 'n bekende Merinoteler, maar het ook 'n pragtige Drakensbergerkudde op sy plaas. Hy sê die ras het homself deur die loop van die jare bewys as 'n uitstekende ras met uitstaande eienskappe.

"Die ras gedy op natuurlike veld en het 'n verstommende rumenkapasiteit met die vermoë om lae-gehalte ruvoer in vleis om te sit. Die geskiedenis het ook bewys Drakensbergers het 'n ingebore gehardheid en aanpasbaarheid met die vermoë om koue, hitte en droogte te oorkom. Vir telers het dié ras 'n uitstekende temperament, goeie moederinstink, weerstand teen bosluis en bosluisoordraagbare siektes, 'n lae geboortegewig en goeie melkproduksie."

Goeie aanpasbaarheid

Volgens hom kan Drakensbergers goed aanpas op enige plek in die land. "Die ras is oor die hele land versprei – van die Bosveld in die noorde tot die Laeveld met sy rooiwater- en hartwaterprobleme, die

Karoo met sy uiterstes, die droë Kalahari en die nat Boland met sy berge."

Hy sê hy boer sedert 1973 met Drakensbergers in die Karoo. "Ons het tot 1999 by Graaff-Reinet tussen die berge geboer en sedertdien boer ons by Hanover, wat meer vlaktewêreld is met hoofsaaklik bossieveld."

Hy glo dat oorlewingsvermoë oor die jare by die ras ingeteel is. Die diere het 'n goeie loopvermoë en met hulle harde swart hoewe kan Drakensbergers gemaklik oor ruwe terrein beweeg.

Uitstekend vir kruisteling

Johannes het uit ondervinding geleer dat die Drakensberger-ras uitstekende diere vir kruisteling is. Hy sê die diere is bekend daarvoor dat hulle klein kalwers by geboorte gee en kan met enige ander ras gekruis word.

Die ras het sedert 2000 baie toegeneem in die Hanover-omgewing. Daar is intussen 'n Karoo Drakensbergerklub gestig, wat uit 30 ingeskrewe lede bestaan. Dit is 'n bewys dat die boere in hierdie omgewing die sukses van die Drakensberger raakgesien het en opgewonde is oor die moontlikhede wat die ras bied.

Vir meer inligting, skakel Johannes Retief by 082 385 1821, kontak die Drakensberger-genootskap by 051 410 0968 of besoek www.drakensbergers.co.za.